



Hoogleraarintreerede

Jan Alleman se kronkelpad na skuldverligting: lesse uit die verlede en voorstelle vir die pad vorentoe
Intreerede: 12 Mei 2026 | Dr. Melanie Roestoff

Geagte uitvoerende hoof: Akademie, prof. Danie Goosen; besturende direkteur, mnr. Marthinus Visser; voorsitter van die Akademie-direksie, mnr. Henk Schalekamp; dekanes hier teenwoordig; geagte kollegas, familie en vriende, dit is vir my 'n groot voorreg en eer om hier te kan staan vanaand.

Ek begin en eindig my intreerede, en baie spesiale oomblik van my akademiese loopbaan, met 'n gevoel van dankbaarheid. Eerstens, natuurlik, vir al die genade wat ek van Bo ontvang het, maar ook vir Akademie, waar ek sedert April 2021 as't ware 'n gevoel van tuiskoms beleef, ook in soverre dit my akademiese loopbaan betref.

My intreerede bied sowel 'n terugblik as 'n vooruitblik op 'n onderwerp wat my, en soos wat binnekort sal blyk, ook vele ander akademici, vir etlike jare al aan die dink hou. Soos uit die titel blyk, fokus ek op Jan Alleman se regsposisie rakende skuldverligting. Die titel weerspieël egter ook die kronkelpad van my eie akademiese loopbaan wat meer as dertig jaar gelede by die Universiteit van Pretoria (UP) begin het, toe ek in 1990 as 'n dosent in die Departement Handelsreg aangestel is.

Die titel van my intreerede spruit voort uit die onderwerp van my doktorsale studie, wat op 'n proefskrif getiteld "n Kritiese evaluasie van skuldverligtingsmaatreëls vir individue in die Suid-Afrikaanse insolvensiereg" uitgespeel het en wat ek onder die studieleiding van prof. André Boraine, in September 2002, by UP voltooi het. Teen die agtergrond van 'n historiese en regsvergelijkende ondersoek na die Amerikaanse, Nederlandse en Engelse verbruikersinsolvensiereg, was die hoofnavorsingsvraag of die Suid-Afrikaanse insolvensiereg voldoende skuldverligtingsmaatreëls gebied het om die groeiende skuldprobleme van verbruikerskuldenaars aan te spreek.

Om Jan Alleman se regsposisie prakties te verduidelik, begin ek met 'n bespreking van die feite en uitspraak in die 2017-saak van *Botha v Botha*,¹ 'n beslissing van die Vrystaatse hoë hof, en een van vele uitsprake wat oor sogenaamde vriendskaplike sekwestrasie-aansoeke gehandel het. Daarna bespreek ek Jan Alleman se pad met verwysing na die regsontwikkeling vanaf die tydperk van die Romeinse reg tot en met die herroeping van die 1916-Insolvensiewet,² deur die huidige 1936-Insolvensiewet.³ Dan val ek weer in die pad met 'n bespreking van die gebeure rondom die inwerkingtreeding van die Nasionale Kredietwet in 2006.⁴ Vervolgens staan ek stil by die stand van sake in 2014, twintig jaar ná publikasie van 'n artikel wat ek en prof. Boraine oor vriendskaplike sekwestrasies geskryf het. 'n Belangrike gebeurtenis wat ek volgende bespreek, is die inwerkingtreeding van die Nasionale Kredietwysigingswet in 2019.⁵ Ek sluit af met 'n oplossing vir Jan Alleman se verknorsing, wat ek in die Romeinse reg en die 1916-Insolvensiewet vind en enkele slotopmerkings.

Vriendskaplike sekwestrasies: die Botha-saak

As mens die beknopte feite van die *Botha*-uitspraak in 2017 lees, kan 'n mens kwalik anders as om te besef dat daar 'n groter verhaal daaragter skuil en wel een van finansiële nood en die swaarkry wat dit in die lewens van gewone mense meebring.

In Desember 2015, kort nadat mnr. Botha sy betrekking as bedryfsbestuurder by 'n maatskappy waar hy R40 000 per maand verdien het, verloor, het sy vader hom te hulp gekom en R60 000 aan hom geleen. Gelukkig het mnr. Botha Junior kort daarna, in Januarie 2016 'n nuwe diensbetrekking bekom, maar met 'n verminderde salaris van R22 000 per maand. Ongelukkig het dinge 'n paar maande later wéér vir hom skeefgeloop en is sy salaris vanaf 1 Oktober 2016 na R15 000 per maand verminder. Hy kon dus nie meer kop bo water hou nie. Op advies van sy prokureurs het mnr. Botha Junior besluit om 'n aansoek vir sekwestrasie te bring. Die rede? Soos sy prokureurs vir hom sou verduidelik het, sou sekwestrasie tot gevolg gehad het dat hy binne vier jaar vir sy rehabilitasie aansoek sou kon doen. Of, indien hy nie aansoek doen nie, hy buitendien ná verloop van tien jaar outomaties as gerehabiliteer geag sou word. Soos sy prokureurs verder vir hom sou verduidelik, sou sy rehabilitasie meebring dat al sy skuld gedelg word, en dus eenvoudig, soos mis voor die son sou verdwyn.

Die Insolvensiewet maak vir twee prosesse voorsiening. Eerstens kan 'n skuldenaar vrywillig vir die oorgawe van sy boedel aansoek doen. 'n Skuldeiser kan ook vir die gedwonge sekwestrasie van sy skuldenaar se boedel aansoek doen. Omdat sekwestrasie 'n statusaanleentheid is, kan slegs die hoë hof 'n sekwestrasiebevel verleen. Dit maak dit noodwendig 'n duur proses, onder meer omdat advokate daarby betrokke moet wees. Die hof beskik voorts oor 'n diskresie om die bevel te verleen, mits aan sekere vereistes voldoen word. Dit sluit bewys van insolvensie, dit wil sê daadwerklike insolvensie, in. Óf in die geval van gedwonge sekwestrasie, enige van die sogenaamde dade van insolvensie.



in Verdere, en dikwels deurslaggewende struikelblok vir skuldenaars wat sekwestrasie as skuldverligtingsmaatreeël wil gebruik, is die sogenaamde voordeel vir skuldeisersvereiste. Dit beteken dat die konkurrente skuldeisers minstens in dividend van 20 sent in die rand moet ontvang.

Wanneer mens die bewoording van die tersaaklike bepalings van die Insolvensiewet oorweeg, is dit duidelik dat die bewyslas rakende voordeel in die geval van in gedwonge sekwestrasie-aansoek baie ligter as in die geval van vrywillige boedeloorgawe is. Die regspraktyk het hierdie gaping raakgesien en die vriendskaplike sekwestrasie-aansoek het die lig gesien.

Botha Junior het dus in brief aan sy pa geskryf waarin hy hom meegedeel het dat hy nie die geld wat hy by sy pa geleen het, kan terugbetaal nie. Dit is ingevolge die Insolvensiewet in skriftelike kennisgewing dat hy nie sy skuld kan betaal nie, en in daad van insolvensie, wat Botha Senior in staat stel om vir die gedwonge sekwestrasie van sy seun se boedel aansoek te doen en sodoende, hopelik, sy seun uit sy geldelike verknorsing te help.

Die verlening van in sekwestrasiebevel in vriendskaplike sekwestrasie-aansoeke is egter nie in uitgemaakte saak nie. Verskeie hofuitsprake het daarteen begin kapsie maak en beklemtoon dat die hof in plig het om hierdie aansoeke met in vergrootglas te bestudeer sodat skuldeisers nie benadeel word nie.

In *Craggs v Dedekind*⁶ blyk die hof se misnoeë met vriendskaplike sekwestrasies uit die inleidende sin van sy omskrywing daarvan. Die regter vergelyk dit met pornografie:

Friendly sequestrations seem to share certain characteristics. Although, like pornography, they may be hard to define, they are easy to recognise.

Soos die titel van die artikel wat ek oor die *Botha*-saak in *LitNet Akademies* geskryf het dit stel, “Nog in vriendskaplike sekwestrasie sneuvel?”⁷ het die hof by monde van regter Daffue die aansoek van die hand gewys. Die regter se ergernis met, soos hy dit sien, die valsheid van vriendskaplike sekwestrasie-aansoeke blyk duidelik uit sy uitspraak.

Die enigste bates wat iets werd was, was Botha Junior se woonhuis wat aan in verband onderhewig was en in voertuig. Ná aftrekking van die sekwestrasiekoste van ongeveer R30 000 sou daar nie voldoende opbrengs wees om in aanvaarbare dividend aan die konkurrente skuldeisers te betaal nie.

Alhoewel regter Daffue darem nie blind is vir die swaarkry wat skuldenaars verduur nie, speel hierdie erkenning uiteindelik geen rol in sy uitspraak nie. Hy merk soos volg op:

Although I am not immune to the hardship and emotional stress caused to debtors due to financial difficulties, especially in the present uncertain times, I am more so mindful of the fact that our insolvency law should not be applied to the extent that the rights of debtors take precedence over creditors' and especially concurrent creditors' rights ... This is not [what] was intended by the Legislature when the Insolvency Act was promulgated.

Volgens regter Daffue was hierdie in tipiese geval waar Botha Junior eerder die skuldheriensingsproses ingevolge die Kredietwet moes gebruik het om sy geldelike verknorsing die hoof te bied.

Wat is dus die oplossing vir Jan Alleman se skuldprobleme? Dit was die kernvraag van my doktorale studie wat destyds, meer as 30 jaar gelede, in die Handelsreg-koffiekamer by UP in in gesprek tussen my en prof. Boraine opgeduik het. Ons het begin gesels oor in voordrag wat hy oor vriendskaplike sekwestrasies by die Regsdosentekongres in 1993 aan die Universiteit Stellenbosch (US) gelewer het. Hierdie gesprek het uiteindelik tot my eerste publikasie in die veld van verbruikersinsolvensiereg gelei. Dit was in artikel in twee dele, getiteld “Vriendskaplike sekwestrasies – in produk van verouderde beginsels?” wat ek en prof. Boraine saam geskryf het.⁸

Hierdie koffiekamergesprek het ook tot verskeie ander akademiese hoogtepunte van my loopbaan aanleiding gegee, onder andere my LLM-studie, wat in 1994 in aanvang geneem het, sowel as in sesweeklange navorsingsbesoek in September 1995 na Engeland, België en Nederland. Verder het dit gelei tot verskeie nasionale publikasies en in internasionale publikasie wat op die vermelde artikel oor vriendskaplike sekwestrasies voortgebou het.⁹

Een van die publikasies wat vir my uitstaan, ondersoek die lesse te leer uit die destyds voorgestelde skuldverligtingswetgewing vir natuurlike persone in Nederland.¹⁰ Hierdie publikasie, asook die hoofstuk in my proefskrif oor die Nederlandse insolvensiereg, het sy ontstaan te danke aan in ontmoeting tussen in oudkollega van my, prof. Niek Grové, en prof. Nick Huls, wat destyds direkteur van die Leiden Instituut vir Reg en Beleid was en tans as emeritushoogleraar aan die Universiteit van Leiden verbonde is. Tydens my navorsingsbesoek in 1995 het ek die voorreg gehad om prof. Huls persoonlik in Leiden te ontmoet. Dit het tot verskeie verdere ontmoetings, ook in Suid-Afrika, gelei. Hierdie gesprekke oor baie jare heen het my navorsing en denke oor verbruikersinsolvensiereg op in betekenisvolle wyse beïnvloed.

Om terug te keer na die oplossing vir Jan Alleman se skuldprobleme, soos regter Daffue aangedui het, is skuldverligting nie een van die hoofdoelwitte van die Suid-Afrikaanse insolvensiewetgewing nie. Omdat Botha Senior nie voordeel vir skuldeisers kon bewys nie, kon sekwestrasie nie vir Botha Junior uit die kake van sy skuldeisers red nie.



Die Suid-Afrikaanse stelsel is duidelik uiters skuldeisergeoriënteerd. Dit is in teenstelling met die Amerikaanse stelsel, wat vir alle eerlike skuldenaars 'n sogenaamde “fresh start” gun. In 1934 verduidelik die Amerikaanse hof in *Local Loan Co v Hunt*¹¹ hierdie grondbeginsel van hul insolvensiereg soos volg:

One of the primary purposes of the bankruptcy act is to “relieve the honest debtor from the weight of oppressive indebtedness and permit him to start afresh free from the obligations and responsibilities consequent upon business misfortunes”. This purpose of the act has been again and again emphasized by the courts as being of public as well as private interest, in that it gives to the honest but unfortunate debtor who surrenders for distribution the property which he owns at the time of bankruptcy, a new opportunity in life and a clear field for future effort, unhampered by the pressure and discouragement of pre-existing debt.

Hierdie “vars begin” van die Amerikaners behels 'n finansiële wedergeboorte van die skuldenaar. Die doel is om aan alle *eerlike* skuldenaars wat, soos Botha Junior, as gevolg van *teenspoed* insolvent geraak het, skuldverligting te verleen. Sodoende word hulle in staat gestel om weer produktiewe lede van die gemeenskap en ekonomie te word.

Volgens die Suid-Afrikaanse reg, moet so 'n “eerlike maar ongelukkige” skuldenaar egter voordeel bewys om 'n “vars begin” te ontvang. Soos Michael Rochelle, 'n Amerikaanse regsgeleerde, dit baie treffend in die 1996-uitgawe van die *Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg* verduidelik het, kan 'n skuldenaar in Suid-Afrika dus “te arm wees om bankrot te gaan”.¹²

In ons artikel oor vriendskaplike sekwestrasies was my en prof. Borraine se slotsom dat daar ruimte behoort te wees vir behoorlike alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls wat reg laat geskied aan die belange van sowel skuldeisers as skuldenaars. Ons gevolgtrekking was dat hierdie verskynsel, wat dikwels deur ons howe as 'n misbruik van proses bestempel word, eintlik 'n simptoom van dieperliggende gebreke in die stelsel is.

Regsentwikkeling tot voor inwerkingtreding van die Insolvensiewet van 1936

Toe ek met my doktorsale studie begin het, moes ek uiteraard met talle vroeë worstel; vroeë wat ek tot vandag toe aan my voorgraadse studentereg om oor te besin; vroeë wat ek ook as mede-outeur van een van die gesaghebbende handboeke oor die insolvensiereg, *Mars The Law of Insolvency*, probeer beantwoord het.¹³ Hierdie vroeë, wat in talle LLB- en LLM-skripsies relevant was, asook, soos ek binnekort sal aandui, in LLD-proefskrifte (insluitend my eie) was onder meer die volgende:

- Wat is die insolvensiereg?
- Wat is die doelwitte van die insolvensiereg?
- Waar in die insolvensieregstelsel en ook die groter regstelsel pas die verbruikersinsolvensiereg in? En waar pas dit in in ons samelewing?

Uiteindelik moes ek krities dink en besin oor die vraag: Wat behoort die insolvensiereg en sy doelwitte binne die groter prentjie te wees? 'n Deeglike historiese ondersoek was dus noodsaaklik om 'n beter begrip van die onderliggende filosofie van ons huidige verbruikersinsolvensiereg te vorm.

Die historiese ondersoek vir my doktorsale studie het uiteindelik drie hoofstukke van my proefskrif uitgemaak.¹⁴ Hoofstukke 2 en 3 het onderskeidelik die Romeinse en die Romeins-Hollandse reg behandel. Hoofstuk 7 het die ontwikkeling vanaf 1803, met die inwerkingtreding van Kommissaris-Generaal De Mist se instruksies aan die kommissarisse van die Kaapse *Desolate Boedelkamer*, ondersoek, tot en met die inwerkingtreding van die huidige Insolvensiewet.

My ondersoek na die Romeinse Reg het aangedui dat die skuldenaar se posisie oor tyd aansienlik verbeter het. Onder die Twaalf Tafels het die skuldenaar met sy lewe en liggaam geboet. Die prosedure is genoem die *legis actio per manus iniectioem* en het begin deurdat die skuldeiser sy hand op die skuldenaar gelê het (*manus iniectio*). Dit was simbolies van die begin van die persoonseksekusie teen die skuldenaar. As hy nie sy skuld kon betaal nie, is hy aan die betrokke skuldeiser toegesê, wat hom vir sestig dae gevange kon hou. Op drie agtereenvolgende markdae moes die skuldeiser die skuldenaar voor die *praetor* bring om in die openbaar die bedrag uit te roep wat die skuldenaar verskuldig was. Indien hy steeds nie sy skuld kon betaal nie, kon die skuldeiser die skuldenaar op die derde markdag om die lewe bring of in slawerny verkoop. Waar daar meerdere skuldeisers was, was Tafel 3.6, die oorsprong van alle insolvensieregstelsels wêreldwyd, van toepassing. Tafel 3.6 het bepaal dat die skuldenaar se liggaam in stukke opgesny kon word. In 326 v.C. is die strenge gevolge van *manus iniectio* versag deur wetgewing wat doding en verkoping van 'n skuldenaar as slaaf afgeskaf het.

Uiteindelik is persoonseksekusie vervang deur *missio in possessionem*, 'n praetoriese bevel wat die tegeldemaking van die skuldenaar se bates behels het. Omstreeks 27 v.C. is *cessio bonorum*, die voorganger van vrywillige boedeloorgawe, ingestel. Dit het die skuldenaar in staat gestel om persoonseksekusie vry te spring. Hoewel sy skulde nie afgeskryf is nie, het hy 'n grasietydperk van een jaar geniet waartydens hy nie aangespreek kon word nie.

Verskeie aspekte van die Romeinse verbintenisreg het ook skuldverligting gebied. Ek volstaan met 'n belangrike voorbeeld van wetgewing uit Justinianus se tyd, naamlik die *Novellae* 4.3. Hierin is skuldenaars wat nie kon betaal nie, maar oor onroerende eiendom beskik het, toegelaat om eerder die eiendom aan hul skuldeisers oor te dra. Dit is 'n sogenaamde *datio in solutionem*, wat behels dat 'n ander prestasie as die verskuldigde gelewer word. Die oordrag is toegelaat indien geen koper vir die eiendom gevind kon word nie.



Die spesifieke bewoording van hierdie lang teks het my opgeval. My vertaling van die inleidende sin uit Latyn, lees soos volg:

Al mag wat volg dalk nie vir sommige skuldeisers aanvaarbaar wees nie, bepaal ons tog, ter wille van *genade*, dat *verligting* aan persone in *finansiële nood* verleen moet word.”

Uit die res van die teks was dit duidelik dat die wetgewer ’n gebalanseerde benadering jeens skuldinvordering voorgestaan het. Die motief agter die wetgewing was om *eerlike* skuldenaars tegemoet te kom wat weens *teenspoed* in ’n geldelike verknorsing beland het en geen ander uitweg gehad het as om die eiendom af te staan nie.

Wat die Romeins-Hollandse reg betref, is beide *missio in possessionem* en *cessio bonorum* toegepas. ’n Hof sou egter slegs *cessio* toestaan indien dit oortuig was dat die skuldenaar se insolvensie aan *teenspoed* te wyte was. Dit het egter nie aan die skuldenaar ’n kwytskelding van skuld verleen nie. ’n Skuldenaar wat oneerlik was, kon gevange geneem word. *Cessio*, soos sekwestrasie vandag, was volgens Romeins-Hollandse skrywers soos De Groot en Voet,¹⁵ ’n duur en omslagtige proses. Daar het ook ’n stigma daaraan gekleef. Van Leeuwen¹⁶ merk in dié verband op dat persone wat in die sestiende eeu in Rotterdam en Leiden *brieven van cessie* verkry het, verplig was om drie agtereenvolgende markdae, vir ’n uur per dag, in hul onderklere voor die stadshuis te staan. Hierdie skuldenaars is egter ten volle van die skuld kwytgeskeld.

Die Amsterdamse Ordonnansie van 1777 wat deur die appèlhof in *Fairlie v Raubenheimer*¹⁷ as die grondslag van die Suid-Afrikaanse insolvensiereg beskou word, verteenwoordig ’n belangrike keerpunt in die regsontwikkeling. So verleen artikel 41 vir die eerste keer erkenning aan die beginsel van rehabilitasie en ’n skuldkwytskelding aan eerlike skuldenaars.

My ondersoek na die voorgangers van die 1936-Insolvensiewet toon dat die 1936-wet beslis meer skuldeisergeoriënteerd was. Die 1916-wet het byvoorbeeld vir ’n alternatiewe skuldverligtingsprosedure, naamlik boedelafstand, voorsiening gemaak. Met die toestemming van ’n driekwartmeerderheid van sy skuldeisers, het die skuldenaar ’n kwytskelding van alle skuld voor datum van die boedelafstand verkry, terwyl die stigma van insolventverklaring vermy is. Omdat die hof nie by die proses betrek is nie, het dit ook koste bespaar.

Wat die 1916-wet betref, volstaan ek met ’n baie interessante ontdekking wat ek gemaak het. Dit is dat bewys van voordeel vir skuldeisers nie ’n pertinente voorvereiste vir vrywillige boedeloorgawe was nie. Volgens regspraak in verskeie afdelings van die Hooggeregshof,¹⁸ is vrywillige boedeloorgawe slegs geweier indien dit skuldeisers sou benadeel of, as daar duidelike tekens van bedrog of oneerlikheid aan die kant van die skuldenaar was. Anders as vandag het die howe destyds die belange van beide skuldenaars en skuldeisers in ag geneem.

Die historiese ondersoek vir my proefskrif het waardevolle insigte opgelewer. Dit het vinnig duidelik geword dat die huidige Insolvensiewet, met sy voordeelvereiste, in werklikheid die oorsprong van die “gebreke” in ons stelsel is.

Die volgende vraag is egter of die voordeelvereiste noodwendig ’n slegte idee is. Soos reeds vermeld, is sekwestrasie ’n duur proses en behoort dit dus nie gebruik te word indien dit nie koste-effektief sou wees nie.¹⁹ Soos regter Ramsbottom in *Ex parte Van den Berg*²⁰ verduidelik het, is die gebruik van sekwestrasie om ’n klein bedrag onder skuldeisers te verdeel “to use a sledgehammer to break a nut”.

My slotsom destyds was dat die wetgewer nie hierdie vereiste moet afskaf nie, maar eerder behoorlike alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls moet ontwikkel vir skuldenaars wie se boedels nie sekwestrasie regverdig nie. Ek het voorgestel dat die administrasieprosedure ingevolge die Wet op Landdroshowe²¹ aangepas word om ’n skuldkwytskelding ná voltooiing van ’n afbetalingsplan toe te laat.

Die Nasionale Kredietwet

In 2003, kort nadat ek my LLD-graad behaal het, word ek tot medeprofessor bevorder en my navorsingsfokus verskuif na skuldverligting en die wisselwerking tussen insolvensie- en verbruikersbeskermingswetgewing. Hierdie fokusverskuiwing vind plaas na aanleiding van een van die bevindinge in my proefskrif dat die onderliggende beginsels van die Suid-Afrikaanse insolvensiereg in vele opsigte nie aan die riglyne van die verbruikersskuldkomitee van die Internasionale Federasie van Insolvensiepraktisyne voldoen nie.²²

Die INSOL-verslag dui onder meer daarop dat die blote verlening van ’n skuldkwytskelding nie voldoende is om verbruikers se skuldprobleme die hoof te bied nie. Die verslag beklemtoon dat die oplossing, onder andere, geleë is in die beginsel dat “voorkoming beter is as genesing”. Die fokus behoort dus in die eerste plek op skuldvoorkoming te wees, en daarna op die implementering van gepaste regstellende skuldverligtingsmaatreëls.

In Mei 2005 word die wetsontwerp vir die Nasionale Kredietwet in die parlement voorgelê en in Augustus 2005 vir openbare kommentaar vrygestel. Ek en ’n oudkollega, prof. Stéfan Renke, wat in daardie stadium verbruikersbeskermingsreg gedoseer het, het begin saamwerk. Verskeie nasionale en internasionale publikasies wat op hierdie en ander verbandhoudende kwessies uitgebrei het, het die lig gesien.²³ Hierdie samewerking, glo ek, het ook gelei tot sy proefskrif oor skuldvoorkomingsmaatreëls ingevolge die Nasionale Kredietwet, wat hy onder die studieleiding van prof. Boraine in 2012 voltooi het.²⁴

Op 1 Junie 2006 tree die Nasionale Kredietwet in werking. Dié wet het ’n beduidende impak op die verbruikersinsolvensiereg, aangesien dit voorsiening maak vir ’n alternatiewe skuldverligtingsmaatreël, naamlik skuldher siening. Dit stel Jan Alleman nou in staat om sy skuld uit kredietooreenkomste na aanleiding van ’n hofbevel in paaiemente af te betaal. ’n Groot nadeel is egter dat hy *al* sy skuld moet afbetaal, want die wet maak nie vir enige vorm van skuldkwytskelding voorsiening nie.



Die swak opgestelde Kredietwet, blykbaar 'n produk van buitelandse opstellers, het beduidende interpretasieprobleme geskep, sodanig dat 'n mens verplig was om soos regter Willis in die *Seyffert*-saak²⁵ opgemerk het, telkens “van subartikel tot subartikel in sirkels moet beweeg, soos 'n hond wat sy eie stert jaag”. Die geluk by die ongeluk was dat dit vir my en my mede-outeurs bykans 'n onuitputlike bron van akademiese publikasies geword het.

In 2007 kruis my en prof. Hermie Coetzee (voorheen my voorgraadse student, Hermie du Toit) se paaie weer toe sy kandidaatprokureur by die UP Regskliniek was. Hierdie herontmoeting het tot vele interessante gesprekke oor kwessies rakende die nuwe Kredietwet gelei en uiteindelik in 2008 op die eerste van vele van ons gesamentlike publikasies uitgeloop.²⁶

In 2009, twee jaar nadat ek tot vol professor bevorder is, neem ek die dapper stap om my leerklerskap by die UP Regskliniek, waarheen ek gesekondeer is, aan te pak. Hierdie besluit is gemotiveer deur my eie oortuiging dat daar 'n leemte in my regsopleiding bestaan het. Ek het ook getwyfel of my regsloopbaan nie 'n nuwe wending moes neem nie en of ek nie eerder die praktyk moes betree nie.

Benewens die gewone pligte van kandidaatprokureurs raak ek gedurende hierdie tyd betrokke by 'n navorsingsprojek van die kliniek in opdrag van die Nasionale Kredietreguleerder.²⁷ Die projek het gefokus op die skuldherieningsproses ingevolge die Kredietwet en die uitdagings wat dit vir verbruikers en die kredietbedryf in die algemeen inhou. Hierdie navorsing het uiteindelik ook gelei tot 'n omvangryke artikel met my as die hoofouteur.²⁸

In April 2010 word ek as prokureur van die hoë hof toegelaat, nadat ek ná vele slapelose nagte tot die besef gekom het dat die akademie eerder as die praktyk, my passie is. Die praktiese blootstelling wat my werk as kandidaatprokureur my gebied het, veral in my omgang met kliënte wat vir hulp met skuldberading kom aanklop het, het my gekonfronteer met die werklikhede van finansiële nood, swaarkry en die emosionele spanning wat daarmee saamgaan. Hierdie ervaring het my in staat gestel om my navorsing oor insolvensieregkwessies met nuwe ywer en insig aan te pak en verskeie publikasies het gevolg.²⁹

In dieselfde jaar vind nog 'n besondere hoogtepunt van my akademiese loopbaan plaas toe my eerste LLD-student, Ngwaru Maghembe, vir doktorsale studie onder my as studieleier en prof. Boraine as mede-studieleier, registreer.³⁰ Benewens die unieke skuldverligtingsproses wat Maghembe vir verbruikers in Tanzanië voorstel, het sy proefskrif, wat hy in 2013 voltooi het, ook 'n deeglike ontleding van die Suid-Afrikaanse verbruikersinsolvensieregstelsel ingesluit. Ons samewerking het ook tot 'n gesamentlike publikasie asook 'n publikasie waarvan hy die alleenouteur was, aanleiding gegee.³¹

Uit hierdie navorsing, asook verskeie publikasies uit my en my mede-outeurs se penne,³² het dit mettertyd geblyk dat die skuldherieningsproses waarvoor die Kredietwet voorsiening maak, nie die voldoende alternatiewe maatreël is waarop daar gehoop is nie. Die kernprobleem is dat dié proses, soos administrasie, nie die hof magtig om 'n skuldkwytskelding te verleen nie. In Europa word die probleem tans anders benader. Dit is die sogenaamde “earned discharge”-benadering ingevolge waarvan 'n kwytskelding nadat die skuldenaar “betaal het wat hy kan” verleen word.³³ In Suid-Afrika sal ons howe egter slegs 'n ekonomies uitvoerbare terugbetalingsplan ingevolge waarvan *alle* skuld oor 'n verlengde tydperk terugbetaal word, goedkeur.

Om terug te keer na die feite in *Botha* in 2017, waar Botha Junior ten tye van sy sekwestrasie-aansoek 'n karige salaris van R15 000 verdien het, maar ongeveer R1,5 miljoen aan sy kommersiële skuldeisers geskuld het, is dit duidelik dat hy nie 'n werkbare terugbetalingsplan op die tafel sou kon plaas nie. Verder, selfs al sou hy daarin slaag om 'n skuldherstruktureringsbevel te bekom, is dit in die lig van sy swak geldelike posisie onwaarskynlik dat hy met die betaling van die paaie sou kon volhou. Gevolglik bied die skuldherieningsproses nie werklike skuldverligting aan skuldenaars wat nie oor voldoende inkomste beskik om hul skuld ten volle af te betaal nie. 'n Verbruikerskuldenaar soos Botha Junior sal dus ook, om weer Rochelle se woorde te gebruik, te “arm” wees om vir skuldheriening te kwalifiseer.

Verbruikersinsolvensiereg twintig jaar later

Twintig jaar ná die publikasie van ons artikel oor vriendskaplike sekwestrasies, het ek en prof. Boraine 'n opvolgartikel in twee dele gepubliseer.³⁴ In hierdie artikel het ons die stand van Suid-Afrikaanse verbruikersinsolvensiereg herbesoek, met 'n besondere fokus op ons howe se benadering, soos blyk uit twee uitsprake wat destyds, deur twee verskillende afdelings van ons hoë hof gegee is.³⁵

In hierdie sake het regters Satchwell en Gorven 'n aantal vriendskaplike en vrywillige boedeloorgawe-aansoeke van die hand gewys omdat voordeel vir skuldeisers nie bewys is nie. Wat egter opvallend maar ook betreurenswaardig was, was dat albei howe sekwestrasie-aansoeke, wat op skuldverligting gerig was, sonder meer as oneerlik en as 'n misbruik van proses bestempel het. Die regters het weer met verwysing na die 1955-beslissing in *Ex parte Pillay*³⁶ bevestig dat sekwestrasie nie vir die voordeel van skuldenaars ontwerp is nie, maar wel vir die voordeel van hul skuldeisers. Dit het vir ons bevestig dat daar oor die afgelope twintig jaar min verander het.³⁷



In September 2015 kruis my akademiese pad weer op 'n besondere wyse met dié van prof. Coetzee toe sy haar doktorsale studie met 'n proefskrif, getiteld, “A comparative reappraisal of debt relief measures for natural person debtors in South Africa”³⁸ onder my studieleiding voltooi. In baanbrekende navorsing het sy die grense van die Suid-Afrikaanse verbruikersinsolvensiereg verskuif deur indringende nuwe regsrae te ontsluit. Een daarvan was die moontlike ongrondwetlikheid van die stelsel, veral ten opsigte van die sogenaamde “no income no asset” (NINA)-skuldenaars.³⁹ Hierdie skuldenaars het nie toegang tot sekwestrasie nie omdat hulle nie genoegsame bates het om voordeel vir skuldeisers te bewys nie. Daarbenewens het hulle ook nie voldoende inkomste om 'n werkbare afbetalingsplan met behulp van skuldheriensing of administrasie te bewerkstellig nie. In aansluiting by die standpunt van 'n oudkollega van ons, prof. Roger Evans,⁴⁰ het prof. Coetzee aangevoer dat die NINA-skuldenaars se gebrek aan toegang tot skuldverligting neerkom op onredelike en onbillike diskriminasie teen die “arm” skuldenaars aangesien die “ryk” skuldenaars, wat wel oor genoegsame bates en/of inkomste beskik, wel toegang het.

In 2016, in 'n artikel in *LitNet Akademies*⁴¹ ondersoek ek die beginsel van rehabilitasie van skuldenaars onder meer deur dit aan die riglyne van die Wêreldbank te meet.⁴² Ek beklemtoon die belangrikheid van die “ekonomiese rehabilitasie” van verbruikersskuldenaars soos deur die Wêreldbank omskryf, 'n konsep wat nie slegs skuldkwytskelding en 'n “vars begin” behels nie, maar ook 'n breër vorm van rehabilitasie, naamlik, 'n “nuwe begin”. Ek voer aan dat so 'n “nuwe begin” wetgewing wat die skuldenaar se inkomste beskerm, noodsaak. Verder moet die talle insolvensiebeperkings en onbevoegdheide in wetgewing wat so 'n nuwe begin onnodig belemmer, heroorweeg word om sodoende die stigma wat aan insolventverklaring kleef, te verminder. In 2017 en 2018 het ek hierdie temas in twee opvolgartikels verder ontwikkel.⁴³ Hierdie artikels het ook die weg gebaan vir dr. Zingapi Mabe se LLD-proefskrif⁴⁴ wat sy ná my vroeë aftrede by UP onder die studieleiding van prof. Boraine in 2022 voltooi het.

Die Nasionale Kredietwysigingswet

'n Trotse oomblik gebeur in 2018 toe daar in die memorandum tot die voorgestelde Kredietwysigingswet verwys word na 'n artikel wat prof. Coetzee in die 2016-uitgawe van die *International Insolvency Review*⁴⁵ gepubliseer het. Vermelde wetsontwerp het 'n sogenaamde skuldintervensieproses voorgestel wat skuldverligting aan die kwesbare NINA-skuldenaars sou bied. Met verwysing na prof. Coetzee se artikel het die wetgewer erken dat die uitsluiting van hierdie skuldenaars, gemeet aan die gelykheidsklousule van die Grondwet, op onregverdigde diskriminasie op grond van sosio-ekonomiese status neerkom.

In Augustus 2019 word die Kredietwysigingswet, deur die president onderteken. Die skuldintervensieproses ingevolge hierdie wet maak voorsiening vir 'n aanvanklike moratorium en 'n uiteindelijke skuldkwytskelding, ná voltooiing van 'n afbetalingsplan, wat 'n maksimum tydperk van twee jaar kan duur. NINA-skuldenaars (dit wil sê, skuldenaars met 'n maksimum bruto inkomste van R7 500 per maand) kry nou die geleentheid om 'n ware vars begin te maak. Blykbaar weens 'n gebrek aan hulpbronne en infrastruktuur by die Nasionale Kredietreguleerder is die wysigingswet, byna sewe jaar later, steeds nie in werking nie.

Hoewel daar nou 'n stap in die regte rigting is met 'n skuldverligtingsprosedure vir die NINA-skuldenaar, ontstaan die vraag: Hoe nou gemaak met die middelinkomste-skuldenaar?⁴⁶ Botha Junior sou sekerlik nie vir skuldintervensie gekwalifiseer het nie. Selfs nadat dinge begin skeefloop het, het hy steeds meer as die maksimum van R7 500 verdien. Die anomalie is dus dat NINA-skuldenaars, indien die wetgewing eendag in werking tree, 'n nuwe begin sal kan maak, maar middelinkomste-skuldenaars, soos Botha Junior, dit nie sal kan doen nie. Botha Junior, om weer by Rochelle aan te sluit, is dus te “arm” om te sekwestreer, maar ook te “ryk” om vir skuldintervensie te kwalifiseer. Tensy hy 'n werkbare terugbetalingsplan kan voorlê om vir skuldheriensing te kwalifiseer, sal hy geen effektiewe skuldverligting tot sy beskikking hê nie.

Terug na die Romeinse Reg en die 1916-Insolvensiewet

In Oktober 2022 lewer ek 'n voordrag by 'n insolvensieregseminaar wat gehou is ter ere van prof. Boraine, wat in daardie jaar by UP afgetree het. Ek verwys onder meer na die 1916-Insolvensiewet en die feit dat dit nie voordeel vir skuldeisers as 'n voorvereiste vir vrywillige boedeloorgawe-aansoeke gestel het nie.

In Januarie 2023 gesels ek en prof. Coetzee hieroor en ons besluit dat die tyd ryp is om weer oor die voordeelvereiste te besin. Dit loop uit op hoofstuk 1 van prof. Boraine se feesbundel.⁴⁷ Ons diep weer die 1990- ongerapporteerde uitspraak van regter Flemming in die *Sellwell Shop Interiors*-saak⁴⁸ op waar hy oor 'n vriendskaplike sekwestrasie-aansoek *obiter* opgemerk het dat insolvensiewetgewing waarskynlik nie meer in voeling is met hedendaagse behoeftes nie en heroorweging verdien in soverre dit voordeel vir skuldeisers in alle gevalle vereis. Na aanleiding hiervan vra ons onself af of dit steeds gepas is om voordeel in vrywillige boedeloorgawe-aansoeke te vereis. Weens toenemende finansiële druk op verbruikers word die Suid-Afrikaanse insolvensieregstelsel al hoe meer in 'n *triage*-situasie gedwing, wat dringende en werkbare oplossings noodsaak. Ten spyte van felle kritiek en versoeke vanuit verskeie oorde oor die jare, het 'n holistiese hersiening van die stelsel en behoorlike alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls steeds nie die lig gesien nie. Ons slotsom is dat die oplossing in die skruppel van die voordeelvereiste geleë is.

Sodra die wetgewer voldoende alternatiewe maatreëls ingestel het, stel ons voor dat die Insolvensiewet verder gewysig word om die hof in staat te stel om die rol van hekwagter te vervul. Die hof moet die bevoegdheid hê om alternatiewe formele en informele prosedures te oorweeg om sodoende 'n oplossing te identifiseer wat die belange van beide skuldenaars en skuldeisers dien.



’n Oneerlike skuldenaar moet uiteraard, soos die hof destyds rakende die 1916-wet uitgewys het, nie bygestaan word nie. As dit egter duidelik is dat die skuldenaar se situasie weens teenspoed hopeloos is, moet hy “vergewe” word en toegelaat word om van die las van sy skuld te ontsnap. Dit is die sogenaamde vergifnisteorie wat ek eerder met verwysing na die Romeinse reg uitgelig het. Soos die rehabilitasieteorie is dit ’n belangrike teoretiese regverdiging vir die Amerikaanse “fresh start”-beleid. Verder is dit in moraliteit en basiese menslikheid gewortel en roep dit die wetgewer op om empatie en genade aan eerlike skuldenaars wat weens teenspoed swaarkry, te toon.

Die vergifnistema sluit ook aan by een van die kernwaardes waarop die Suid-Afrikaanse Grondwet rus, naamlik menswaardigheid. Om die eerlike maar ongelukkige skuldenaar toe te laat om van die boeie van sy skuld te ontsnap, sal nie net die skuldenaar bystaan om sy lewe te herbou en uiteindelik tot ekonomiese produktiwiteit terug te keer nie, maar sal ook help om sy waardigheid te herstel.

Uiteindelik moet ’n balans gevind word tussen die belange van die skuldenaar, skuldeisers en die samelewing. Hierdie balans het nog nie in die Suid-Afrikaanse insolvensiereg gerealiseer nie.

Slotopmerkings

In Junie 2023 word in ’n episode van die televisieprogram *Carte Blanche* berig dat boere hul grond en bates verloor, en bewerings word ondersoek van ’n “genadelose “likwidasiemafia” wat in die naam van die Landbank optree. Hierdie onthullings lê die grondslag vir my kollega, Sarita Gerber, se doktorsale studie, met ’n proefskrif getiteld “Skuldverligting vir boerderyondernemings: ’n Regsvergelykende ondersoek” onder die studieleiding van ’n oudkollega van ons, prof. Monray Botha, wat tans aan die Universiteit van Johannesburg verbonde is.

Intussen pryk die voordeelvereiste steeds op ons wetboek, en ek spits my toe op ander vraagstukke in die insolvensie- en kontraktereg. In Januarie vanjaar, terwyl ek werk aan die bywerking van studienotas vir die program in insolvensiereg en praktyk wat deur INSOL International en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Insolvensiepraktisyns (SARIPA) aangebied word, kom ek op die ongerapporteerde uitspraak in *Ex parte Slabbert*⁴⁹ af, ’n saak wat oor verskeie aansoeke vir vrywillige boedeloorgawe handel. Die applikante is almal gewone middelklas-skuldenaars en die hof weier, soos gewoonlik, om die aansoeke toe te staan omdat daar nie voldoende voordeel vir die skuldeisers is nie.

Duidelik het Jan Alleman en my eie kronkelpad nog nie doodgeloop nie en is ’n publikasie oor die regsposisie van mnr. Slabbert en andere se geldelike verknorsings weer op my navorsingsagenda.

Met opregte dank

Familie: My man, Coenraad. My dogters, Mignonne en Anya; my skoonseun, Dale; my kleindogter, Beth-Anne; my ouers, André Greeff (oorlede 2017) en Alma Greeff (oorlede 1998); my moeder, Suzette Greeff en my skoonmoeder, Estelle Slabber.

My huidige kollegas: Prof. Danie Goosen, mnr. Marthinus Visser, prof. Hermie Coetzee, prof. Willem Gravett, mev. Sarita Gerber, ander lede van die Fakulteit Regsgeleerdheid en Akademia-personeel.

My promotor en mentor: Prof. André Boraine.

My oudkollegas: Kollegas van UP, in besonder prof. Chris Nagel (oorlede 2019), prof. Piet Delpont, prof. Johan Lótz, prof. Niek Grové, prof. Trynie Boezaart, prof. Jacolien Barnard, prof. Carika Keulder, dr. Tronel Joubert, prof. Corlia van Heerden, prof. Reghard Brits en prof. Stéfan Renke; my departementshoofde by UP, prof. Fanie van Jaarsveld, prof. Stefan van Eck en prof. Monray Botha en my Nederlandse kollega, prof. Nick Huls.

Vriende

René Bekker, Susari Smit, Roleen van Aarde, Hester Crossman, Ester Siebert, Sunet Swanepoel, Karen Vorster, Herman du Randt en Thania van der Wal



- ¹ [2017] JOL 38011 (VB).
- ² Insolvensiewet 32 van 1916.
- ³ Insolvensiewet 24 van 1936.
- ⁴ National Credit Act 34 of 2005.
- ⁵ National Credit Amendment Act 7 of 2019.
- ⁶ *Craggs v Dedekind; Baartman v Baartman; Van Jaarsveld v Roebuck; Van Aardt v Borrett* 1996 1 SA 935 (K) 937.
- ⁷ Roestoff "Nog h vriendskaplike-sekwestrasie-aansoek sneuwel" 2018 *LitNet Akademies* 1258.
- ⁸ Boraine en Roestoff "Vriendskaplike sekwestrasies – h Produk van verouderde beginsels?" deel 1: 1993 *De Jure* 229; deel 2: 1994 *De Jure* 31.
- ⁹ Roestoff en Jacobs "Statutêre akkoord voor likwidasië: h Toereikende skuldenaarremedie?" 1997 *De Jure* 189; Roestoff "Eenvormige insolvensiewetgewing in Suid-Afrika: Moet die administrasiebevel ingesluit word?" 2000 *De Jure* 127; Boraine en Roestoff "Developments in American consumer bankruptcy law: Lessons for South Africa" deel 1: 2000 *Obiter* 33; deel 2: 2000 *Obiter* 241; Boraine en Roestoff "Fresh Start procedures for consumer debtors in South African bankruptcy law" 2002 *International Insolvency Review* 1.
- ¹⁰ Roestoff "Die belang van *schuldsanering* vir die Suid-Afrikaanse insolvensiereg" 1996 *De Jure* 209.
- ¹¹ 292 US 234 244 (1934).
- ¹² Rochelle "Lowering the penalties for failure: Using the insolvency law as a tool for spurring economic growth, the American experience, and possible uses for South Africa" 1996 *TSAR* 315.
- ¹³ Bertelsmann et al *Mars: The law of insolvency in South Africa* (10^{de} uitgawe) Juta Kaapstad 2019.
- ¹⁴ Roestoff "Skuldverligtingsmaatreëls vir individue in die Suid-Afrikaanse insolvensiereg: h Historiese ondersoek" deel 1: 2004 *Fundamina* 113; deel 2: 2005 *Fundamina* 78.
- ¹⁵ De Groot 3 51 3; Voet 42 3 6.
- ¹⁶ Van Leeuwen *RHR* 4 41 3.
- ¹⁷ 1935 AD 135.
- ¹⁸ *Ex parte Terblanche* 1923 (TPD) 168 170; *Ex parte Theron* 1923 (OPD) 46; *In re Spiers Brothers* 1932 (NLR) 618 624; *Ex parte Packer* 1933 *GWL* 34 37.
- ¹⁹ Swart *Die rol van h concursus creditorum in die Suid-Afrikaanse insolvensiereg* (LLD-proefskrif UP 1990) 290.
- ²⁰ 1950 1 SA 816 (W) 817.
- ²¹ Wet op Landdroshowe 32 van 1944.
- ²² *INSOL International consumer debt report* "Report of findings and recommendations" (2001).
- ²³ Roestoff en Renke "Solving the problem of overspending by individuals: International guidelines" 2003 *Obiter* 1; Renke en Roestoff "The Consumer credit bill – A solution to over-indebtedness?" 2005 *THRHR* 115; Roestoff en Renke "Debt relief for consumers – The interaction between insolvency and consumer protection legislation" deel 1: 2005 *Obiter* 549 en deel 2: 2006 *Obiter* 98; Roestoff en Renke "A fresh start for individual debtors: The role of South African insolvency and consumer protection legislation" 2005 *International Insolvency Review* 93; Renke, Roestoff and Bekink "New legislative measures in South Africa aimed at combating over-indebtedness – Are the new proposals sufficient under the Constitution and law in general?" 2006 *International Insolvency Review* 91; Renke, Roestoff en Haupt "The National Credit Act: New parameters for the granting of credit in South Africa" 2007 *Obiter* 229.
- ²⁴ Renke *An evaluation of debt prevention measures in terms of the National Credit Act 34 of 2005* (LLD-proefskrif, UP 2012).
- ²⁵ *Firststrand Bank Ltd v Seyffert* ongerapporteerde saaknommer 212862/2010 (GSJ).
- ²⁶ Roestoff en Coetzee "Consent to jurisdiction – an unlawful provision of a credit agreement in terms of the National Credit Act – is the jurisdiction of a court thereby ousted?" 2008 *THRHR* 678.
- ²⁷ Haupt, Roestoff en Erasmus *The debt counselling process: Challenges to the consumers and the credit industry in general* (2009).
- ²⁸ Roestoff, Haupt, Coetzee en Erasmus "The debt counselling process – closing the loopholes in the National Credit Act 34 of 2005" 2009 *PER* 247.
- ²⁹ Roestoff "Enforcement of a credit agreement where the consumer has applied for debt review in terms of the National Credit Act 34 of 2005 – *First Rand Bank v Smith* (unreported case number 24208/08 (WLD))" 2009 *Obiter* 430; Roestoff "Termination of debt review in terms of section 86(10) of the National Credit Act and the right of a credit provider to enforce its claim" 2010 *Obiter* 782; Roestoff en Smit "Non-compliance with time periods – Should the debt review procedure lapse once a reasonable time has expired?" 2011 *THRHR* 501; Roestoff "Die uitwerking van h bevel vir skuldherstrukturering op h kredietgewer se reg op skuldfdwinging waar kennis van beëindiging van skuldherziening voor verlening van die bevel gegee is – *Firststrand Bank v Raheman* 2012 3 SA 418 (KZD)" 2012 *LitNet Akademies* 26.
- ³⁰ Maghembe *A proposed discharge dispensation for consumer debtors in Tanzania* (LLD-proefskrif UP 2013).
- ³¹ Maghembe en Roestoff "Bankruptcy and alternative debt relief for consumers in Tanzania – A comparative investigation" 2010 *CILSA* 292; Maghembe "The appellate division has spoken – sequestration proceedings do not qualify as proceedings to enforce a credit agreement under the National Credit Act 34 of 2005: *Naidoo v Absa Bank* 2010 4 SA 597 (SCA)" 2011 *PER* 171 .
- ³² Roestoff en Coetzee "Consumer debt relief in South Africa; Lessons from America and England; and suggestions for the way forward" 2012 *SA Merc LJ* 53; Boraine, Van Heerden en Roestoff "A comparison between formal debt administration and debt review – the pros and cons of these measures and suggestions for law reform" deel 1: 2012 *De Jure* 80 en deel 2: 2012 *De Jure* 254; Van Heerden en Roestoff "Over-indebtedness under the National Credit Act as a *bona fide* defence to summary judgment" 2014 *THRHR* 276; Roestoff en Van Heerden "Termination of debt review in terms of the National Credit Act – not the end of the road for over-indebted consumers – *Nedbank Ltd v Swartbooi* Unreported Case No 708/2012 (ECP) 2014 *De Jure* 140; Roestoff "The objective of providing debt relief to over-indebted consumers and the interpretation of section 85 of the National Credit Act – *Firststrand Bank Ltd v Govender* 2014 JOL 31572 (ECP)" 2015 *THRHR* 694; Roestoff "Enforcement of a credit agreement after breach of a debt rearrangement order and the ineffectiveness of debt review in terms of the National Credit Act – *Ferris v Firststrand Bank Ltd* (2014 3 SA 39 (CC) 2016 *De Jure* 134.
- ³³ Roestoff en Coetzee "Debt relief for South African NINA debtors and what can be learned from the European Approach" 2017 *CILSA* 25.
- ³⁴ Boraine en Roestoff "Revisiting the state of consumer insolvency in South Africa after twenty years: The courts' approach, international guidelines and an appeal for urgent law reform" deel 1: 2014 *THRHR* 351 en deel 2: 2014 *THRHR* 351.
- ³⁵ *Ex parte Shmukler-Tshiko* 2013 JOL 29999 (GSJ); *Ex parte Amtzen* 2013 1 SA 49 (KZP).
- ³⁶ 1955 2 SA 309 (N) 311.
- ³⁷ Sien verder Boraine en Roestoff *Treatment of the insolvency of natural persons in South African law: An appeal for a balanced and integrated approach*. In: Cissé H (Ed) *World Bank Legal Review* Vol 5 (2013); Boraine, Evans, Roestoff en Steyn "The pro-creditor approach in South African insolvency law and the possible impact of the Constitution" 2015 *NIBLeJ* 59; Boraine en Roestoff "Discretion and powers of the court in applications for sequestration – *Body Corporate Palm Lane v Masinge* 2013 JDR 2332 (GNP)" 2015 *De Jure* 206.
- ³⁸ Coetzee *A comparative reappraisal of debt relief measures for natural person debtors in South Africa* (LLD-proefskrif UP 2015).
- ³⁹ Coetzee en Roestoff "Consumer debt relief in South Africa – Should the insolvency system provide for NINA debtors? Lessons from New Zealand" 2013 *International Insolvency Review* 188.
- ⁴⁰ Evans "The abuse of the process of the court in friendly sequestration proceedings in South Africa" 2002 *International Insolvency Review* 13.
- ⁴¹ Roestoff "Rehabilitasie in die Suid-Afrikaanse verbruikersinsolvensiereg: Internasionale tendense en riglyne" 2016 *LitNet Akademies* 594.
- ⁴² World Bank Insolvency and Creditor/Debtor Regimes Task Force *Report on the treatment of the insolvency of natural persons* (2013).
- ⁴³ Roestoff "The income of an insolvent and sequestration under the Insolvency Act 24 of 1936" 2017 *SA Merc LJ* 478; Roestoff "Insolvency restrictions, disabilities and disqualifications in South African consumer insolvency law: A legal comparative perspective" 2018 *THRHR* 393.
- ⁴⁴ Mabe *A comparative analysis of an insolvent's capacity to earn a living within the South African constitutional context* (LLD-proefskrif UP 2022).
- ⁴⁵ Coetzee "Is the unequal treatment of debtors in natural person insolvency law justifiable?: A South African exposition" 2016 *International Insolvency Review* 54.
- ⁴⁶ Roestoff en Coetzee "Debt relief for middle-income debtors under the National Credit Act 34 of 2005 – International approaches and guidelines" in *De Serie Legenda: Developments in Commercial Law* (Vol 1: 2019:158) LexisNexis.
- ⁴⁷ Roestoff en Coetzee "'Advantage to creditors' and the Insolvency Act 32 of 1916: Lessons to be learned" in *De Serie Legenda: Developments in Commercial law* (Vol IV: 2023:1) LexisNexis.
- ⁴⁸ *Sellwell Shop Interiors v Van der Merwe* ongerapporteerde saaknommer 27527/1990 (WLD).
- ⁴⁹ Ongerapporteerde saaknommer 099003/2024 (GP).